# LOMBARDY ESTATE & HEALTH SPA *BIED AAN:*

## 10 REDES WAAROM 'n LANDGOEDLEWE 'n FANTASTIESE LEWE IS

Daar is baie redes waarom mense in 'n landgoed wil woon. Sommiges is meer vanselfsprekend as ander – sekuriteit, beleggingswaarde, beloofde eksklusiwiteit, ens. Soos meeste dinge in die lewe is alle landgoede nie dieselfde ontwerp nie – meestal omdat daar 'n verskil is tussen allernodigste sekuriteit en maksimum sekuriteit. Daar is ook 'n verskil tussen waargeneemde belegging en ware belegging, of die leë belofte van eksklusiwiteit en ware eksklusiwiteit. By Lombardy Estate & Health Spa lê die verskille nie net in die redes nie, maar ook in die redes agter die redes. Die volgende is dan, die top 10-redes waarom 'n landgoedlewe by Lombardy Estate & Health Spa, 'n fantastiese lewe is:





### 1 Ultramoderne sekuriteit

Nie net vergenoeg met slegs "CCTV"-kameras of toegangsbeheer nie, inkorporeer die ultramoderne sekuriteitstelsel ook 'n verborge grenslyn-indringing-opsporingstelsel, peuterbestande rekbare maasheining en waaksame wagte wat die inwoners gemoedsrus gee dat hul sekuriteit altyd 'n prioriteit is by Lombardy Estate & Health Spa.

### 2 Puik tuinuitleg

Met die tuinuitleg wat ongeveer 15 hektaar vleilande en omgewingsgange beslaan, sluit die buitelewe 'n groot verskeidenheid inheemse bome, struike, blomme en natuurlike bosse in, almal geskep om 'n aangename omgewing te skep om die 1,5 hektaar van mere en waterweë te komplementeer. Die 41 lede van die installasie- en instandhoudingspanne verseker dat die lopende waterweë en 7 hektaar-tuine en parke goed gevestig is en altyd in stand gehou word.

### 3 Unieke argitektuur

Hoe 'n groot verskil maak argitektuur? Volgens byna elke huiseienaar in Lombardy Estate & Health Spa, redelik 'n groot verskil. Op die vraag wat hulle na die landgoed aantrek, word die unieke argitektuur in elke antwoord genoem. Gebaseer op die prêrie-styl van meesterargitek Frank Lloyd Wright en herontwikkel deur bekroonde plaaslike argitekte *Stefan Antoni Olmesdahl Truen Architects* en *QTS Architects*, onderskei die sterk horisontale en vertikale lyne dit van alles in die omgewing.

### 4 Reëls en regulasies

Vir diegene wat in 'n landgoed woon, is die reëls en regulasies, die omsien na almal en die toesien dat alles goed georganiseerd is, deel van beleggingswaarde. By Lombardy Estate & Health Spa verseker die reëls en regulasies dat al die wonings in die landgoed aan sekere riglyne voldoen, wat om die beurt 'n harmonieuse geheel meebring. Hierdie reëls en regulasies, wat deur die Huiseienaarsvereniging bekragtig is, is tot die voordeel van elke eienaar en in belang van die handhawing van die integriteit en eksklusiwiteit van die landgoed.



### 5 Beleggingswaarde

Lombardy Estate & Health Spa word gerugsteun deur 'n internasionale konglomeraat – die *Kharafi Group* – wat ook die ontwikkelaar is van die eerste Ernie Els-spesialiteitsgholfbaan in Suid-Afrika - *Oubaai Gholflandgoed* in Heroldsbaai. Die beleggingswaarde word gewaarborg, soos bewys deur die voortdurende ontwikkelingsaktiwiteit in die landgoed, selfs terwyl meeste ander landgoede se aktiwiteit gestaak is tydens die resessie.

### 6 Omvattende produkreeks

Lake Lombardy bestaan uit boetiekwonings van tot 364 m², Lombardy Fountains uit meenthuise van tot 285² m en die losstaande Lombardy uit erwe van tot 1 950 m² wat nog beskikbaar is. Die produkaanbod by Lombardy Estate & Health Spa maak voorsiening vir elke smaak.

### 7 Breëbasis-gemeenskap

Anders as ander landgoede wat slegs voorsiening maak vir persone van 'n sekere ouderdomsgroep, is Lombardy Estate & Health Spa trots om 'n tuiste te wees vir persone van alle ouderdomme. Van enkellopende professionele jongmense en gesinne met kinders tot afgetrede paartjies – werklik iets van alle lewensektore – die enigste onderskeidende faktor is diegene wat aandring op kwaliteit, eksklusiwiteit en styl.

### 8 Ligging, ligging, ligging

Lombardy Estate & Health Spa is geleë aan die buitewyke van Pretoria langs die bekende Lynnwoodrylaan, naby die N1, eksklusiewe winkelsentrums, skole en talle besigheidsparke en skep die gevoel van 'n plattelandse leefstyl in die stad.

### 9 Hotel en gesondheidspa


Lombardy Estate & Health Spa spog met 'n vyf-ster-hotel asook 'n nuwe gesondheidspa wat teen die einde van Junie 2011 sy deure sal open. Die 1 000 m²-spa sal bestuur word deur *Spas of Distinction* en sal spog met 13 behandelingskamers, 'n Amethyst Rasul-kamer, luukse privaatsuite asook 'n restaurant en ontspanningsareas en beloof topkwaliteit en topdiens van 'n tophandelsmerk.

### 10 Klient-tevredenheid

Wanneer rekening gehou word met die bogenoemde redes, is dit dalk geen wonder nie dat sekere eienaars by Lombardy Estate & Health Spa meer as een eiendom gekoop het. Sommiges het selfs vier gekoop! Hul ondersteuning en positiewe terugvoer aan ons is, meer as enigiets anders, die ware maatstaf van 'n landgoed wat voldoen aan die vereistes vir 'n fantastiese lewe.









**Indien jy meer inligting oor Lombardy Estate & Health Spa verlang, skakel gerus vir Christo Steyn by 082-320-1232, Donovan Lallyett by 082-940-9265, Otto Pagel by 082-774-3755 of stuur 'n e-pos na info@lombardyestate.co.za.**

LOMBARDY

ESTATE & HEALTH SPA

www.lombardyestate.co.za

**Meenthuise vanaf R975 000 | Boetiekhuise vanaf R2.85 m**
**Eiendomme vanaf R900 000** (Pryse korrek met ter perse gaan)